Die Vleiloerie
NG Kerk Karatara
Sedgefieldwyk

7 Hoepoestraat
Posbus 1195
Sedgefield, 6573

kantoor@ngksedgefield.co.za
ngksedgefield.co.za
044 343 2033
FB - NGKerkKarataraSedgefield
Youtube - NG Kerk Karatara

Welkom by die EREDIENS vanoggend
Dr Willie McCloud bring die Woord
Skriflesing: Sal aangekondig word
Tema:
12 Mei 2024

Gedig vir Ma (deur Selwyn Milborrow)

ma, die lied van jou mond
was my klaasvakie
toe ek nie kon slaap nie
en jou oë verskrikvoëls
teen al my nagmerries

ma, wat het jy Hom gevra
wat my tot vandag nog dra?

ma, ek weet jy maak gereed
vir 'n sonsverduistering
en ek vir die val van 'n herfsblaar

maar ma, wat moet ek Hom vra
om jou nog 'n paar somers te dra?

ma, mag my gedig
jou hou
by my
vir ewig

Totsiens …
Na byna 15 jaar groet ons (om terug na Mosselbaai te verhuis) ons geliefde kerk en sy mense. Sondae het ds. Marius ons geestelik gevoed en Marlize ons musikale oor gestreel … ons gaan dit mis. Ons kerkgenote en selvriende … ons gaan jul mis. Christa, dankie dat jy altyd vir ons daar was. Ds. Marius, dankie dat jy daar was om ons dogter en skoonseun te trou en ons vier kleinkinders te doop; dit sal altyd onthou word as baie spesiaal. Ons dra jul as gemeente op aan Hom. Mag jul baie genade vorentoe ontvang.
Groete
Almero en Nicole Olivier

Verjaarsdae

12 Mei – Pieter van Biljon	**13 Mei –**
15 Mei – Jabus van Schalkwyk, Dougie Stevens, Helgaardt Holtzhausen, Wessel Badenhorst	**16 Mei –** Bokkie Visser
17 Mei – Barry Gerber (jnr), Loekie Pretorius	**18 Mei –** William Robertson

Hierdie week se aktiwiteite
Gemeente Biduur – Neem asb kennis dat daar geen gemeente biduur sal wees gedurende Pinksterweek nie.
Vroue Bybelstudie Groep – Dinsdae om 10:00 in die Kerk.
Manne-bid-en-koffie – Vrydae 05:00 – 06:00- Alle manne word uitgenooi.
Koffie en Tee word vanoggend bedien deur die Sondagskoolouers na die erediens

Pinksterdienste – TYD 18:30
Dienste vanaf Sondagaand 12 Mei tot Woensdagaand 15 Mei en **sal gelei word deur Dr Willie McCloud.**
Die Vrouediens gaan sop en brood bedien na die diens elke aand. Kom kuier saam! Daar sal elke aand geleentheid wees om 'n offergawe te gee wat sal gaan aan die Bybelgenootskap van Suid Afrika

TEKS VIR DIE WEEK Jes 66:13a "*Soos 'n moeder haar kind laat veilig voel, so laat Ek julle veilig voel".*